Pancratium tenuifolium *(Fam.Amaryllidaceae)*

E: Evening flower, spider lily
A: aandblom

Die wetenskaplike naam van die aandblom verwys na die smal blare, maar die pragtige wit **blom** trek eintlik eerste die aandag. Laat namiddag in die somer ‘n paar dae na die eerste goeie reën steek hulle hul knoppe bokant die gras uit en vou kort voor sononder oop. Met hul sterk soet reuk lok hulle naginsekte aan. Die volgende oggend is die blomme nog oop, maar verlep gou onder die sonstrale. Een-een verskyn hulle, en later, soms eers nadat die plant klaar geblom het, stoot die groen smal **blare** uit die grond op. Kenmerkend is dat die blare in sigself gedraai, soms gekrul is. Blomme en blare groei uit ‘n **ui-bol,** wat ongeveer 15 cm diep in sandgrond sit.

Daar word beweer, dat inheemse bevolkingsgroepe in Botswana die bol gebruik gedurende inisiasierituele. Die bol word oor ‘n sny in die voorkopvel gevrywe en veroorsaak blykbaar visuele hallusinasies.
Plantvergiftigings by diere is tot sover nog nie gedokumenteer nie, maar onmoontlik is dit nie, baie amaryllisplante bevat toksiese stowwe. Om vergiftigings uit te sluit, maak diere toe in die kraal vroeg voor sononder en laat hulle eers weer wei,as die son begin warm word, OF laat hulle in die blomtyd van *Pancratius tenuifolium* nie in ‘n kamp wei, waar hierdie plante groei nie. Gewoonlik los wilde diere en vee die plante in elk geval uit.
Die plante blom nie elke jaar nie.
Blomtyd is baie kort, dalk 14 ure per bloeisel en ongeveer slegs een week in die seisoen.

Vir my het dit baie jare geneem, om te verstaan, hoe hierdie plant funksioneer, omdat ek nie ‘n duidelike patroon in sy lewenssiklus elke jaar kon sien nie.

Inligtingsbronne:
Peoples’ Plants (Ben Erik van Wyk, Nigel Gericke)
Flowering Plants of the Southern KALAHARI (Noel & Gretel van Rooyen) Wild
Flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)

https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EIC113143

Teks en fotos: Anka Eichhoff Februarie 2022